2019

Koninkryksgelykenisse

Dr. Jean Strydom

Ds. Louis Pienaar

Ds. Gerrit Vosloo

- **NG. Nelspruit-Suid**

Inhoudsopgawe

1. Inleiding oor gelykenisse
2. Studie 1: Die gelykenis van die saaier
3. Studie 2: Die gelykenis van die onkruid tussen die koring
4. Studie 3: Die gelykenisse van die mosterdsaadjie en die suurdeeg
5. Studie 4: Die gelykenis van die skat in die saailand
6. Studie 5: Die gelykenis van die handelaar wat op soek is na goeie pêrels
7. Studie 6: Die gelykenis van die treknet

Inleiding oor gelykenisse

Wat is 'n gelykenis?

Dit was 'n tipiese manier onder die Oosterse volke om in gelykenisse te spreek. Ook die Ou Testament bevat baie gelykenisse en vergelykende gesegdes. Die Spreuke van die Ou Testament gee dikwels die diepste gedagtes in die kleed van 'n beeld van die natuur of die gewone daaglikse lewe. Jesus doen dit ook. Te meer, Jesus ontwikkel beelde en vergelykings tot 'n geheel in 'n gelykenis. In die vorm van 'n verhaal of 'n voorval of 'n duidelike gebeurtenis in die gewone alledaagse lewe, word 'n dieper waarheid, 'n belangrike boodskap tuisgebring. In 'n aardse (natuurlike) vertelling word 'n ewige (bonatuurlike) waarheid uitgebeeld. Dit gaan om daardie EEN groot waarheid - nie oor al die klein ondergeskikte besonderhede nie. Alle aandag moet op daardie een punt van vergelyking gevestig word. Dit gaan om die hoofsaak.

Kom ons neem die voorbeeld van die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Luk. 10:25 e.v.). Die hoofsaak van die hele verhaal is duidelik: dit gaan om Christus se barmhartigheid wat ons aan ons naaste moet bewys! Dit gaan nie oor die Samaritaan nie . . .dit gaan nie oor die olie en wyn waarmee hy die gewonde dokter nie . . . dit gaan nie oor die reis na Jerigo, of die herberg of die esels ens. nie. Al hierdie bysake, is om dit so te noem, die kleed wat die een dieper waarheid omhul.

Die doel van die gelykenisse

Dit staan presies beskrywe in Matt. 13:10 e.v. Jesus vertel self die doel en Hy verbind dit met die Ou Testament met wat deur die profeet Jesaja geleer is: Deur die gelykenis leer die gelowige "om die geheime van die koninkryk van die hemel

te ken", maar die ongelowige ken dit nie. Jesus sê: "Wie het (d.w.s. die wat glo), vir hom sal nog meer gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar wie nie het nie (d.w.s. die wat nie glo nie), van hom sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word" (Matt. 13:12). "Om hierdie rede praat Ek met hulle in gelykenisse: omdat hulle kyk, maar nie sien nie, en hoor maar nie luister en verstaan nie", sê Jesus.

Groepe gelykenisse

Daar is hoofsaaklik die volgende groepe:

a. **Gelykenisse oor die Koninkryk van God:**

Hulle is hoofsaaklik ontleen aan die natuur, die landbou en die vissersbedryf. Ons vind hulle veral in die evangelies van Matteus en Markus.

b. **Gelykenisse oor die Koning en die onderdane** (van die Koninkryk)

Hierdie gelykenisse wat ons veral by Lukas vind (kyk bv. 14:7 e.v.) beskryf aan ons die Koning as die liefdevolle barmhartige gasheer wat die armes uitnooi na Sy onthaal. En nou moet die onderdane leer om Hom te dien en self ook barmhartigheid te bewys.

c. **Gelykenisse oor die komende oordeel** (O.a., Matt. 24:45 e.v.; 25:31 e.v.)

In Matt. 21:33 vind ons bv. dat die Seun gedood word deur die arbeiders in die wingerd, maar hierdie arbeiders sal geoordeel word.

d. **Gelykenisse oor verlorenheid en redding** (Luk. 15)

Die bekendstes hier is die gelykenis van die verlore skaap (of eintlik oor die goeie herder, (Luk. 15:1 e.v.), die gelykenis van die verlore muntstuk (of eintlik die agtelosige vrou, Luk. 15:8-10), die gelykenis van die verlore seun (of eintlik die liefdevolle vader, Luk. 15:11 e.v.). Hier moet ons weer eens kyk na die hoofsaak.

e. Gelykenisse oor die wederkoms van Christus

Ons vind hulle veral teen die einde van Matteus, Markus en Lukas, bv. die twee diensknegte, die tien bruilofsmeisies, die talente ens. Hier gaan dit veral oor waaksaamheid - die opdrag om altyd gereed te wees om Christus te ontmoet. Dit is om **aktief** te waak, nie om passief te wees nie. Toekomsverwagting is nie niksdoen nie. Jy moet tot op die laaste besig bly en elke oomblik paraat wees. Daar sou ook nog meer groeperings oor die gelykenisse kon gemaak word. Christus het nie minder as 60 gelykenisse vertel nie, behalwe nog al die beelde wat hy gebruik het. Dit is duidelik dat dit 'n groot deel van Sy prediking uitmaak.

Studie 1: Die gelykenis van die saaier

Ons ontmoet mekaar:

Hoor by mekaar hoe was elkeen se week en waar julle iets van God se werking gesien het.

Gebed:

Word stil en vra dat God julle geestesoë en ore sal oopmaak sodat die Heilige Gees aktief besig sal wees om elkeen van binne te vernuwe.

Ons hoor by God en by mekaar:

In Jesus se tyd het hulle nie al die tegnologie gehad van vandag nie. Vandag se saaiboere is baie meer effektief en suksesvol. In Jesus se tyd het hulle met ‘n sak saad geloop en dan die saad met die hand gesaai. Dit het tot gevolg gehad dat ‘n klomp van die saad op plekke geval het wat nie baie geskik was nie. Jesus gebruik dan hierdie bekende beeld van ‘n saaier om iets aangaande Sy Koninkryk te verduidelik (Matt. 13:1-9 en 18-23).

1. Wie is saaier in die verhaal? Is daar dalk meer as een moontlikheid?
2. Dink so bietjie na oor die saad wat gesaai word:
    a. Was die saad dalk van swak gehalte? (Psalm 19:8)
    b. Het die saaier dalk die saad verkeerd gesaai? (Jakobus 1:22-25)
    c. Was dit dalk die verkeerde tyd om te saai? (2 Timoteus 4:2)
3. Dink na oor die 4 verskillende plekke waar die saad beland het:
    a. Wat maak dat mense nie die woord verstaan nie (Pad)?
    b. Watter “Klipbanke” is daar in vandag se tyd?

c. Watter “Onkruid” maak vandag dat mense nie vrug dra nie?

d. Hoe lyk “Goeie grond” wat nodig is vir die Saad om te kan vrug dra?

4. Is daar iets wat ons kan doen om van ons harte “goeie grond” te maak?
5. Hoe dra ons as gelowiges vrug?
6. Wat is die verband tussen hierdie oes/vrug en dit wat ons lees in Galasiërs 5:22-23?
7. Is dit moontlik om werklik ‘n kind van God te wees en nie vrug te dra nie? (Jak 2:26)
8. Wat is alles nodig om effektief te kan vrug dra?
9. Hoe moet ons “soms honderdvoudig, soms sestigvoudig, soms dertigvoudig” verstaan?

Gaan wees ‘n Ligdraer

Wat het jy uit hierdie studie geleer ten einde ‘n beter ligdraer van God te kan wees?

Ons bid vir mekaar en die wêreld

Hoor by mekaar waarvoor daar gebid kan word.

Notas:

Studie 2: Die gelykenis van die onkruid tussen die koring

Ons ontmoet mekaar:

Hoor by mekaar hoe was elkeen se week en waar julle iets van God se werking gesien het.

Gebed:

Word stil en vra dat God julle geestesoë en ore sal oopmaak sodat die Heilige Gees aktief besig sal wees om elkeen van binne te vernuwe.

Ons hoor by God en by mekaar:

Laas week het ons geleer oor die gelykenis van die saaier. In daardie gelykenis het Jesus ons gehelp verstaan, dat ons die boodskap van die evangelie vir verskillende mense kan vertel en daardie mense sal almal verskillend reageer afhangende van hoe hulle harte die boodskap ontvang. In hierdie week se studie gaan ons kyk na die gelykenis van die onkruid tussen die koring (Matt. 13:24-30 en 36-43).

- Wat is jou eerste gedagte as jy hoor onkruid is tussen koring? Kan onkruid en koring saam groei? Wat is die implikasie daarvan?

In die gelykenis van die onkruid tussen die koring verduidelik Jesus dat daar teenkanting gaan wees wanneer ons besig is om die boodskap van Jesus se goeie nuus aan mense te verkondig. In kort gaan die gelykenis oor 'n man wat goeie saad op sy land gesaai het. Die vyand kom in die nag en saai onkruid tussen die koring. Die koring en onkruid groei saam en wanneer die werkers dit

besef wil hulle die onkruid uittrek. Maar die boer gee opdrag dat die onkruid saam met die koring moet groei, want as hulle die onkruid uittrek, gaan hulle die koring beskadig. So hulle wag tot met oestyd en skei dan die onkruid van die koring. Die koring gaan skuur toe en die bondels onkruid word verbrand.

- ❖ Wat dink jy probeer Jesus vir ons leer deur hierdie gelykenis?
- ❖ Wie is die saaier (v.24)? Wie of wat is die goeie saad (v.24)? Wie is die vyand (v.25)?
- ❖ Wat is die metaforiese betekenis van die koring en onkruid in die gelykenis?
- ❖ Wat word bedoel met die saailand? Is dit metafories vir die kerk of die koninkryk?
- ❖ Wat leer hierdie gelykenis jou oor die koninkryk van die hemel?

Die gelykenis en die verklaring van die onkruid tussen die koring, gee vir ons die verduideliking van hoe dit gaan in God se koninkryk, maar dit gee ook 'n insig oor hoe dit gaan wees met die wederkoms. Die gelykenis (en sy verklaring) rig 'n paar belangrike vrae aan ons as gelowiges (as individu, maar ook aan ons as Kerk).

Drie vrae wat opkom is: 1) Waarom is daar boosheid in God se koninkryk?; 2) Waarom laat Jesus toe dat daar boosheid of 'n vyand is in die koninkryk?; 3) Wat moet/kan Jesus se volgelinge doen met die boosheid/vyand in die koninkryk?

- ❖ Hoe sal jy hierdie drie vrae beantwoord na aanleiding van wat Jesus gesê het in Matt. 13:36-43?

Ons kan seker die eerste vraag antwoord deur te sê, daar is boosheid, want daar is 'n vyand – die duiwel (sien Joh. 10:10).

- ❖ Wat is die antwoord wat Jesus op die tweede vraag gee in die gelykenis? Lees 2 Petrus 3:8-9; 14-15, hoe help hierdie verse jou om hierdie vraag beter te verstaan? Sou jy sê geduld en verlossing loop hand aan hand in die koninkryk van die hemel?

Net God kan mense oordeel en Hy sal die onkruid van die koring onderskei, want net Hy ken ons harte. Vanuit ons perspektief is daar altyd onkruid wat nou dadelik uitgetrek moet word, maar vanuit God se perspektief is dit mense vir wie Hy lief is en wie Hy graag wil red. En die Bybel leer ons dat ons in die wêreld moet leef te midde van die boosheid. Ons is nie per ongeluk hier geplaas nie. Ons is hier geplant deur God.

- Lees Joh. 17:17-23 en Matt. 5:13-16, hoe help hierdie teksgedeeltes jou om die derde vraag te beantwoord?
- Hoe sal jy in die toekoms omgaan met die “onkruid” (mense) in God se koninkryk?
- En nou 'n baie diep geloofsvraag vir jou: Is jy van die koring in God se saailand of is jy van die onkruid? Partykeer is ons die onkruid, wanneer ons gefokus is op ons eie koninkryke en nie op God se koninkryk nie. Soos hierdie gelykenis ons geleer het, as jy nie seker is nie, daar is nog tyd vir jou, om koring te wees in die saailand van God. Maak sommer vandag nog daardie keuse.
- Lees 2 Kor. 13:5 en 2 Pet. 1:10 vir selfondersoek en bemoediging.

Gaan wees ‘n Ligdraer

Wat het jy uit hierdie studie geleer ten einde ‘n beter ligdraer van God te kan wees?

Ons bid vir mekaar en die wêreld

Hoor by mekaar waarvoor daar gebid kan word.

Notas:

Studie 3: Die gelykenisse van die mosterdsaadjie en die suurdeeg

Ons ontmoet mekaar:

Hoor by mekaar hoe was elkeen se week en waar julle iets van God se werking gesien het.

Gebed:

Word stil en vra dat God julle geestesoë en ore sal oopmaak sodat die Heilige Gees aktief besig sal wees om elkeen van binne te vernuwe.

Ons hoor by God en by mekaar:

1. Lees saam uit Matt. 13:31-33. Wat tref jou uit die gedeelte?
2. Wat of wie verteenwoordig:
    a. Die man wat die saad plant?
    b. Die saad wat geplant word?
    c. Die land waarin geplant word?
    d. Die plant wat opgroei?
    e. Die voëls wat in die takke kom nes maak?
3. Het jy ooit probeer om ‘n plantjie te groei vanuit ‘n saadjie?
    a. Was dit maklik of moeilik?
    b. Wat het dit gevat vir dit om te groei?
4. Het die saad wat ontkiem en groei enigsins iets te doen met wedergeboorte (1 Pet 1:22-25 en Jak 1:21)?
5. In watter opsig gee hierdie gelykenis jou ‘n beter begrip van die Koninkryk van God?

6. Dra hierdie gelykenis ‘n verantwoordelikheid om uit te gaan en die Koninkryk van God te verkondig (1 Kor 3:6-9)?
7. Watter “klein besitting” het jy wat vir jou baie waardevol is? Hoekom is dit?
8. In watter konteks verwys Jesus altyd na die mosterdsaadjie (Matt 17:20 en Luk 17:6)?
9. Die mosterdsaadjie is nie die kleinste saadjie van al die soorte saad nie, maar is beslis klein in vergelyking met ander saad. Wat dink jy wil Jesus tog hiermee oordra aan Sy luisteraars?
10. Hoekom dink jy gebruik Jesus juis ‘n mosterdsaadjie?
11. Hoe funksioneer suurdeeg?
12. Wat is die verband tussen die suurdeeg en die mosterdsaadjie in terme van die Koninkryk?

Gaan wees ‘n Ligdraer

Wat het jy uit hierdie studie geleer ten einde ‘n beter ligdraer van God te kan wees?

Ons bid vir mekaar en die wêreld

Hoor by mekaar waarvoor daar gebid kan word.

Notas:

Studie 4: Die gelykenis van die skat in die saailand

Ons ontmoet mekaar:

Hoor by mekaar hoe was elkeen se week en waar julle iets van God se werking gesien het.

Gebed:

Word stil en vra dat God julle geestesoë en ore sal oopmaak sodat die Heilige Gees aktief besig sal wees om elkeen van binne te vernuwe.

Ons hoor by God en by mekaar:

Waardevolle items word deesdae in kluise toegesluit of op ander veilige plekke bewaar. In die Bybelse tyd was daar maar min veilige plekke gewees om jou skatte te bewaar. Daarom was dit nie vreemd gewees dat mense hulle skatte iewers gaan begrawe het nie. Soms het dit gebeur dat iemand gesterf het sonder dat sy familie geweet het waar hy sy skat/te begrawe het. Wanneer so skat later ontdek is, was dit gesien as die eiendom van die grondeienaar.

1. Dink so bietjie terug aan jou kinderdae:
    a. Wat se skatte het jy gehad?
    b. Waarom was hierdie items vir jou “skatte” gewees?
    c. Wat het jy met jou skatte gemaak?
    d. Waar of hoe het jy jou skatte weggesteek en beskerm?
2. Het die man die skat wat hy ontdek het verdien?

3. Wat maak dat iets vir iemand ‘n skat is?
4. Wat was die man alles bereid om op te offer om die skat te kon bekom?
5. Dink na oor die volgende aangaande die Koninkryk:
    a. Ontdek mense soms die koninkryk sonder dat hulle spesifiek daarvoor gesoek het?
    b. Kan enige iemand dit verdien?
    c. Is alle mense bereid om die nodige opofferings te maak om dit te bekom?
6. Waarom is dit belangrik om mooi na te dink wat die belangrikste skat in jou lewe is? (Lukas 12:34)
7. Lees wat het in Paulus se lewe verander toe hy besef wat die waarde is om God te ken – Filippense 3:7-11
8. Watter rol speel genade in die verkry van die skat? Efesiërs 2:8-10
9. Hoe kan ons ander help om op die regte skat te fokus?
10. Wat is daar in jou lewe wat jy dalk nog nie opgeoffer het om die skat te bekom nie?

Gaan wees ‘n Ligdraer

Wat het jy uit hierdie studie geleer ten einde ‘n beter ligdraer van God te kan wees?

Ons bid vir mekaar en die wêreld

Hoor by mekaar waarvoor daar gebid kan word.

Notas:

Studie 5: Die gelykenis van die handelaar wat op soek is na goeie pêrels

Ons ontmoet mekaar:

Hoor by mekaar hoe was elkeen se week en waar julle iets van God se werking gesien het.

Gebed:

Word stil en vra dat God julle geestesoë en ore sal oopmaak sodat die Heilige Gees aktief besig sal wees om elkeen van binne te vernuwe.

Ons hoor by God en by mekaar:

1. Indien jy vir hierdie drie kort gelykenisse (Matt 13:44-50) ‘n gemeenskaplike opskrif kon gee, wat sou dit wees?
2. Lees Matt 13:45-46 en gesels oor die volgende vrae
3. Hoekom dink jy word die koninkryk juis met ‘n pêrel vergelyk?
4. Wie of wat verteenwoordig die handelaar?
5. Wie of wat verteenwoordig die pêrel?
6. Wat dink jy is dit wat een pêrel meer kosbaar maak as ‘n ander een?
7. Ons kan in hierdie gelykenis ‘n paar beginsels rakende die Koninkryk van God leer. Gesels met mekaar daaroor.
    a. Die waarde van die Koninkryk
    b. Is dit maklik verkrygbaar of te vinde?
    c. Hoe word dit verkry en neem jy eienaarskap daarvan?
    d. Hoe is die Koninkryk verbind aan vreugde?

8. Dink jy dit was vir die handelaar moeilik om alles te verkoop ten einde hierdie een pêrel te kon koop?
9. Wat dink jy het hy met die pêrel gemaak wat hy toe gekoop het?
10. Wat leer jy vandag uit hierdie kort gelykenis?
11. Is daar iets in jou lewe wat jy moet verander sodat jy soos hierdie handelaar kan wees?

Gaan wees 'n Ligdraer

Wat het jy uit hierdie studie geleer ten einde 'n beter ligdraer van God te kan wees?

Ons bid vir mekaar en die wêreld

Hoor by mekaar waarvoor daar gebid kan word.

Notas:

Studie 6: Die gelykenis van die treknet

Ons ontmoet mekaar:

Hoor by mekaar hoe was elkeen se week en waar julle iets van God se werking gesien het.

Gebed:

Word stil en vra dat God julle geestesoë en ore sal oopmaak sodat die Heilige Gees aktief besig sal wees om elkeen van binne te vernuwe.

Ons hoor by God en by mekaar:

Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met 'n treknet wat in die see gegooi word en allerhande visse opraap, goeie vis en onbruikbare vis. Ja, hierdie gelykenis klink baie soos die gelykenis van die onkruid tussen die koring. Die geestelike boodskap is dieselfde, die verskil is Jesus gebruik hier die analogie van vis in plaas van plante. Jesus het geweet hierdie gelykenis sal goed verstaan word deur sy dissipels.

- Het jy al ooit probeer om vis met net 'n treknet te vang? Wat is die voor en nadele daarvan om met 'n treknet vis te vang?
- Wie is die goeie vis en wie is die onbruikbare vis?
- Wat probeer Jesus vir ons sê oor die koninkryk van die hemel met hierdie gelykenis?
- Lees Luk. 19:10. Hoe help hierdie teks jou om die gelykenis van die treknet beter te verstaan?

In die gelykenis sê Jesus dat die treknet allerhande soorte vis gevang het. Die treknet diskrimineer nooit nie. Die geestelike toepassing van dit is dat die koninkryk van die hemel word aangebied vir almal, sonder enige diskriminasie – God wil graag almal red. Petrus herinner ons aan God se belofte in 2 Pet. 3:9.

- So wat is hierdie belofte van God wat Hy in vervulling gaan bring?
- Hoe help hierdie belofte van God ons om nou in sy koninkryk te leef?
- Wat leer dit ons van God Homself?
- Sluit die belofte net redding in vir gelowiges of sluit dit ook oordeel in vir die wat nie God se liefde en verlossing aanvaar het nie?

God wag geduldig tot dat almal die geleentheid gekry om te reageer op sy verlossing. Hoe ons gaan reageer op God se verlossing, gaan bepaal hoe ons geoordeel gaan word.

- Gaan jy deel wees van die goeie vis, of gaan jy onbruikbare vis wees wat weg gegooi word?

Paulus skryf in Rom. 6:23: "*Die loon wat die sonde gee, is die dood, die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here*." Verlossing is 'n geskenk wat jy ontvang. Jy kan dit nie verdien nie. God gee hierdie gratis geskenk van ewige lewe aan almal. Al wat jy kan doen met 'n geskenk, is om te kies of jy die geskenk aanvaar en of jy dit gaan verwerp.

- Lees Ef. 1:4-5. Hoe help hierdie teksgedeelte jou om die gelykenis van die treknet beter te verstaan? Wat leer dit jou van God? En van jouself?
- Joh. 3:36 leer ons dat die wie in Jesus glo, het die ewige lewe, maar die persoon wat ongehoorsaam is aan Jesus sal die lewe nie sien nie, en die straf van God sal op daardie persoon bly. Wat leer dit jou van God? En van jouself?

- ❖ Wat is die praktiese implikasie vir my daaglikse lewe, wanneer ek in God se treknet gevang word (want ons almal gaan daarin gevang word, ons kan dit nie ontsnap nie)?
- ❖ In die lig van die komende oordeel en koninkryk van God, wat kan of moet ek nou doen?
- ❖ Lees 2 Kor. 5:11; 14; 20. Hoe help hierdie teksgedeelte jou om die gelykenis van die treknet beter te verstaan?
- ❖ Wat is dit wat Paulus van ons vra of verwag? Hoe sluit dit aan by ons navolging van Jesus?
- ❖ Wat het jy in hierdie Bybelstudie geleer oor die koninkryk van God? Gaan deur al jou notas van die afgelope ses weke en probeer 'n visie of doelstelling vir jou en jou familie (of vriende) formuleer oor die koninkryk van God – hoe en waar kan jy 'n ligdraer van God wees in die wêreld?
- ❖ Hoe kan ons bid “Laat U koninkryk kom, net soos in die hemel en so ook op die aarde...” en dit dan gaan doen?

Gaan wees ‘n Ligdraer

Wat het jy uit hierdie studie geleer ten einde ‘n beter ligdraer van God te kan wees?

Ons bid vir mekaar en die wêreld

Hoor by mekaar waarvoor daar gebid kan word.

Notas: